

KOSHUISREËLS

1. As die eerste oggendklok lui moet ALLE ligte aangeskakel word en aan bly.
2. Almal staan op met die opstaanklok.
3. Sorg dat jy klaar tande borsel, hare kam ens. (persoonlike higiëne) voor inspeksie.
4. Met beide oggend- en aandinspeksie is jy reeds klaar aangetrek/verkleed en staan jy langs jou bed, alles netjies. Alle musiek is nou afgeskakel. Persone op gangdiens moet sorg dat die gange met oggend- sowel as aandinspeksie gevee is. Drommetjies word nie in die badkamers leeg gemaak nie, wel in die groot dromme buite! Badkamers word ook tydens inspeksie gekontroleer. Hou badkamers netjies en skoon; dis onaanvaarbaar dat vuil geriewe agter gelaat word.
5. Respekteer en benut die hele oggendstiltetyd. Geen musiek word toegelaat. Sit stil, op jou bed totdat die volgende klok lui.
6. Niemand mag die koshuis verlaat voor die etensklok lui nie. Wanneer die klok lui, tree almal dadelik buite aan. Prefekte maak seker almal is teenwoordig en dat alle skoene skoon is.
7. In die geval van siekte moet die kosganger deur middel van sy klasmaats onmiddellik die diensdoenende onderwyser of superintendent in kennis stel, wat weer die matrone in kennis stel. Slegs noodvoorrade medisyne word in die koshuis aangehou. Indien 'n leerling ernstig siek is, sal ouers versoek word om die leerling te kom haal of mag die ouers versoek dat die leerling na die kliniek op Stampriet of die naaste dokter op Mariental geneem word. In laasgenoemde geval is die ouers ook vir die vervoerkoste aanspreeklik.
8. Wanneer die skoolklok lui word die koshuis gesluit tot 13:00. Maak dus seker jy het alles wat jy mag benodig vir die dag. Toegang tot die koshuis deur 'n personeellid se woonstel sal nie geduld word nie!
Geen toegang vir leerlinge in die koshuis tydens skoolure.
9. Sluit alle waardevolle besittings voor skool toe. Sorg dat jou besittings te alle tye veilig toegesluit is, ook al gaan jy net gou badkamer toe. Dra jou sleutel om jou nek, of bêre dit op 'n veilige plek, nie onder jou kopkussing nie!
10. Onthou: Die dra/saamneem van selfone in die klaskamer, studiesaal en eetsaal is verbode. Dit geld ook vir seniors wat in hul kamers studeer. Skuldiges se fone word summier gekonfiskeer. Ook van toepassing na ligte uit en tydens stiltetye (ook in die middag).
11. Na middagete moet julle reguit kamers toe vir stilte. Sorg dat julle reeds verkleed is met die aanvang van stilte sodat jy rustig en stil op jou bed kan verkeer. Geen harde musiek.
12. Die koshuis word gesluit tydens stilte. Reël indien jy vroeër by bv. sport moet wees met die personeel aan diens. Geen besoek geskied tydens stiltetyd nie. Dit is jou plig om jou ouers op hoogte te hou met die koshuisreëls.
13. Wees betyds vir studie en sluit jou selfoon toe in jou kas. Selfone is ontoelaatbaar in die studiesaal. Geen haarafsprake ens. sal tydens studie toegestaan word nie. Reël afspraak vroegtydig!
14. Alle etes moet bygewoon word al is jy nie honger nie. So weet ons jy is veilig. Wees betyds vir etes. Dit is ontoelaatbaar dat kos vir jou aangedra word. Kos word ook nie in die koshuiskamers toegelaat nie. Skottelgoed in die kamers is strafbaar! Skoene of plakkies moet gedra word tydens aandete en alle etes oor naweke.
15. Van na middagete tot en met aandinspeksie moet jou kamer altyd netjies gelaat word. Geen papiere, skoene ens. mag rondlê nie. Enige prefek en opsigter sal deurloop enige tyd van die dag en ongeruimdhede sal die aand met betrokkenes opgeneem word.

16. Drag van koshuisinwoners sal te alle tye deur personeel (en prefekte) gemonitor word. Ons hou die reg voor om hulle terug te stuur en iets anders aan te trek. Spaar jouself die verleentheid en sorg dat wat bedek moet wees bedek is!
17. Sou jy die skoolgronde moet verlaat tydens die week, moet jy toestemming van die diensdoenende onderwyser hê.
18. Die koshuishek sluit om 21:05 saans. Kom dus by jou kamer uit so gou moontlik na aandstudie en maak reg vir inspeksie. Sondae sluit die hekke om 20:00.
19. Tydens aandstilte moet elkeen die geleentheid gegun word om sy/haar godsdiens te beoefen. Respekteer dit asseblief.
20. Laatlig word met die personeellid aan diens gereël in studiekamers. Nie later as 23:00 word vergun nie. Daar is geen laatlig vir Huis Cora nie.
21. Kamerleiers sien toe dat ligte af is met ligte uit. Soggens wanneer almal skool toe gaan, moet die kamerleier toesien dat die kamerlig af is.
22. Hou by die voorgeskrewe swemtye en versorg jou swemklere na die tyd. Geen klere/swemklere mag nog sigbaar hang met oggendinspeksie nie. Slegs graad 1 - 4 word in die klein swembad toegelaat.
23. Rook, steel, vandalisme, vuil taal, alkohol en dwelms is verbode praktyke in die koshuis. Vermy dit: dit word ook baie swaar gestraf deur die skoolhoof.
24. Wanneer die koshuissirene oor naweke en in die week lui, ongeag die tyd, moet jy dadelik na jou kamer toe beweeg vir roukol. Leerlinge betrokke by aktiwiteite sal by persone verantwoordelik gekontroleer word.
25. Uitteken: Die uittekenkaarte sal in die eetsaal wees en die persoon saam met wie jy ry ('n gemagtigde persoon) moet jou persoonlik daar kom uitteken. Sou jy voor 12:00 gaan, moet dit met die skoolhoof se toestemming wees en kan jy in die eetsaal uitteken. Die graad 1 - 4 kinders word uitgeteken voor hul klasse. Indien daar by 'n maatjie gekuier gaan word, moet albei ouers met die superintendente skakel. Indien hierdie reël nie gevolg word nie, sal die kuier nie toegelaat word nie. Busleerlinge moet Vrydae 1ste pouse by superintendente in die eetsaal uitteken. Indien jy nie uitteken nie, word ouers geskakel. Met die aanbreek van uitnaweke, termynbreke en vakansies is dit nie nodig om uit te teken nie. Indien jy eers later die middag vertrek, kom teken by die diensdoenende onderwyser se huis uit.
26. Sondae: Jy mag nie die skoolgronde verlaat nadat jy afgelaai is nie. Koshuise sluit om 20:00.
27. Geskeduleerde medisyne moet aan die superintendent of Tannie Marieta oorhandig word. Graad 1 en 2 leerlinge se medisyne word deur tannie Cora hanteer.
28. Jeugdiens elke tweede Sondagaand is verpligtend vir al die leerlinge wat reeds terug is. Geen uitsondering sal gemaak word nie.
29. Graad 1 - 4 leerders mag glad nie by die skool speel nie. Daar mag slegs op die afgekampte terrein en op die gras voor die skool gespeel word.
30. Senior leerlinge word nie sonder verlof van die diensdoenende onderwyser in die slaapkamers van ander toegelaat nie. Nie meer as een persoon word op 'n bed toegelaat nie.
31. Binne die koshuisgebou word nooit gehardloop nie. Dit geld ook vir handoekslanery, stoeiery, watergooiery, ensovoorts. Beddens word nooit gedop nie.
32. Leerlinge word geldelik aanspreeklik gehou vir die kamer wat aan hulle toegesê is. Leerlinge betaal die onkoste verbonde aan die breek van ruite, klerehakke, bedplanke, ens.
33. Geen spykers of drukspykers mag in die mure, deure of meubels geslaan word nie. Geen prente mag teen die mure of meublement geplak word nie.
34. Elke leerling wat iets breek, sien dat 'n ander iets breek, merk dat iets gebreek is, of weet

- van 'n diefstal moet dit onmiddellik by die superintendent aanmeld.
35. Besoekers word nie in die slaapkamers van leerlinge toegelaat nie.
 36. Leerlinge wat klere en toerusting in die koshuise los gedurende vakansies, doen dit op eie risiko. Die skool kan nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.

Wees te alle tye bedagsaam, respekteer verskille en spits jou elke oomblik toe om jouself te verbeter - noodwendig sal jou omgewing ook verbeter.

Jy kan slegs respek en waardering verwag indien jy bereid is om te respekteer en te waardeer!

KLOKTYE: HUIS CORA

05:20 Opstaantyd
05:50 Inspeksie
06:10 Aantree
06:15 Ontbyt
13:00 Middagete

Na middagete - rus almal op hul beddens tot 14:30

14:30 - 15:30 Studie
15:30 Koskamer
16:00 - 16:30 Swem/speel (Graad 1 en 2: Tannie Cora hou toesig)
16:30 - 17:00 Swem/speel (Graad 3 en 4: Onderwyser hou toesig)
17:15 Graad 3 en 4 bad
17:45 Papiere optel
17:55 Aantree vir aandete
18:00 Aandete
18:15 Skoene skoonmaak
19:00 Graad 1 en 2 bad
19:30 Inspeksie
19:40 Bybel en Medisyne
20:00 Ligte uit

KLOKTYE: HUIS HESSIE EN HUIS FRIKKIE

05:20 Uitvee
05:30 Opstaan - ALMAL
05:50 Stilte Tyd
06:00 Inspeksie
06:10 Ontbyt
13:30 Middagstilte
14:30 Middagstilte
21:00 Hekke sluit
21:10 Stilte Tyd
21:20 Inspeksie
21:30 Ligte uit